



22 April 2020

Die Redakteur

Volkd, Beeld, Netwerk24 Nuus

Geagte Redakteur en Joernalis,

BERIG OOR EET VAN WILDSVLEIS IN SA

Daar is in vandag se Beeld, Volksblad en ook op Media24 se aanlyn nuusblad 'n berig geplaas, geskryf deur Elise Tempelhof, waarvan die opskrif lees "Verbied Wildsvleis Eet in SA".

Hierdie is die mees misleidende opskrif vir 'n berig wat ek in 'n baie lang tyd gesien het en vir Elise Tempelhof wat 'n deurwinterde joernalis is, met wie ek nogal redelik dikwels te doen het, is die berig na my mening swak nagevors en geskryf ter wille van sensasie. Sy, en u as redakteurs, behoort van beter te weet.

Dit mag waar wees dat die EMS stigting die skrywe deur hul prokureurs gerig het aan die ministers van Gesondheid en Landbou maar die standpunt wat hulle inneem is, om die minste daarvan te sê, geskiedkundig, nie eers ou nuus nie, en boonop totaal misplaas en buite konteks geplaas.

Die eerste wildspesies is gelys op 'n bylaag van die Diereverbeteringswet in 2016, by welke geleentheid SA Jagters reeds met Departement Landbou hieroor begin korrespondeer het. In Mei 2019 is bykans elke inheemse wildspesies in RSA, plus 'n paar uitheemse spesies, verder gelys in die bylaag van die Diereverbeteringswet, sonder die nodige konsultasie soos vereis in die wet self. Die lysing van hierdie wildspesies as "Landrasse" sou onder andere beteken dat daarmee geboer kan word soos gewone produksiediere in intensiewe stelsels.

Terwyl ons korrespondensie met die Minister van Landbou en die Registrateur van Diereverbetering sedert 2016 bloot geen reaksie gelewer het nie, het SA Jagters reeds op 19 Desember 2019 'n Hooggeregshof aansoek beteken op die Minister van Landbou en die Registrateur van Diereverbetering. In hierdie aansoek word die Hof gevra om die lys van wildspesies op die skedule soos uitgereik onder die Diereverbeteringswet ongeldig te verklaar en te herroep.

Die hofaansoek en dokumente wat by die Noord-Gauteng Hooggeregshof ingedien is, is vir die publiek beskikbaar. Ek is oortuig daarvan Elise weet dit ook aangesien sy verwys in die berig na 'n soortgelyke hofaansoek van die Endangered Wildlife Trust wat gesamentlik met die aansoek van SA Jagters aangehoor sal word. Terloops, die aansoek van EWT is eers einde Januarie 2020 beteken.

Die Staatsprokureur het intussen reeds op 26 Maart 2020 skriftelik bevestig dat die Departement van Landbou nie die hofaansoek van SA Jagters sal teenstaan nie (die skrywe kan beskikbaar gestel word) wat beteken dat die hofaansoek ongeopponneer sal bly en daarom waarskynlik sal slaag om die lysing van wild onder die Diereverbeteringswet te skrap.

Ongeveer twee weke gelede het Elise Tempelhof 'n berig geskryf oor die impak van Covid-19 op die jagbedryf. Sy het my vooraf daarvoor geskakel. Ek het haar van heelwat inligting voorsien, onder andere dat die totale ekonomiese bydrae deur verbruiksjaag alleen (doodgewone landsburgers wat jaarliks gaan jag en wildsvleis gebruik as alternatiewe bron van proteïen en rooivleis) in RSA reeds meer as R8 miljard per jaar beloop. (Die navorsingsdata hieroor is beskikbaar en kan verskaf word.)



Met die inligting tot haar beskikking en die kennis wat sy reeds oor hierdie saak het behoort Elise as goeie joernalis minstens ook die ander standpunt te gestel het oor waarom die verbruik van wildsvleis 'n reuse ekonomiese bydrae lewer juis in die meer ariede plattelandse en armer gebiede en ook waarom dit juis gesond is.

Wildsvleis van 'vrylopende' diere wat sonder beperkinge bestaan en leef, bevat bykans geen vet nie. Hierdie wild is nie behandel teen parasiete nie en het nie groeistimulante ontvang nie. Dit verskaf dus is 'n baie gesonder bron van proteïen as die vleis van produksiediere uit intensiewe voerkrale waar dikwels groeistimulante, antibiotika, en dip- en doseermiddels toegedien word. Hiermee wil ek geen afbreek doen aan veeboere en voerkrale oor die bydrae wat hulle lewer nie maar bevestig dat wildsvleis 'n gesonder bron van proteïen is – niks meer nie.

Die laaste aspek waaroor ek sou verwag dat Elise ook moes rapporteer, is dat die hele storie oor wildsvleis en die risiko wat dit mag inhou vir werkers in die vleisverwerkingsbedryf onwaar is.

Die nuusberigte van gister het bevestig dat die oorsprong van die Coronavirus wel 'wet markets' in Wuhan, China is waar allerhande diere, reptiele en insekte lewendig aangehou en net daar in onhygiëniese toestande geslag en soms selfs geëet word. Verder is daar ook juis gister met meer sekerheid bevestig dat die spesifieke Coronavirus (COVID-19) waarskynlik van 'n vlermuis na die mens versprei het.

China is bekend daarvoor dat met hulle "wet markets" en die gebruik van allerhande diere en insekte soönotiese siektes dikwels van diere na mense oordra word. Hierdie is nie die eerste en sal waarskynlik ook nie die laaste siekte wees wat van diere na mense oordra nie. Ook die bekende voëlgriep, varkgriep en SARS-virus het hul oorsprong in China gehad.

Om die omstandighede en gebruik van diereproteïen uit China te vergelyk met Suid-Afrika en dit te beskou as bedreiging vir werkers in die vleisverwerkingsbedryf is verregaande. Dit hoort nie tuis in 'n berig deur 'n gerespekteerde joernalis of in 'n gerespekteerde nuusblaaie soos dié van Media 24 nie

Ek versoek vriendelik dat Netwerk24 'n opvolgberig plaas om die ander kant van Elise se berig te stel, naamlik dat wildsvleis in Suid-Afrika veilig en gesond is en ondersteuning van die wildbedryf en verbruiksjaag jaarliks 'n reuse bydrae lewer tot Suid-Afrika se ekonomie.

Ek sal graag help deur die nodige inligting vir sodanige berig te verskaf.

Vriendelike groete



Fred Camphor
HUB: SA Jagters en Wildbewaringsvereniging.